

LUTHER VOOR DIE RYKSDAG VAN WORMS – 18 April 1521

INLEIDING

Martin Luther (10 November 1483 – 18 Februarie 1546 in Eisleben, graafskap Mansfield) was 'n Duitse monnik en Katolieke priester wat in die 16de eeu die grondlegger was van die Protestantse Hervorming in die Christendom. Hy gee beslag aan 'n nuwe bedeling in die Westerse Kerk en samelewing. Hy hervorm dit in die lig van die Skrif, wat hy as die enigste gesaghebbende openbaring van God aanvaar. Op 31 Oktober 1517 het hy sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker. Hy was sterk gekant teen die idee dat kwytskelding van God se straf vir sonde met geld gekoop kan word. Hierdie oorlewering in die Kerk en sy geskiedenis maak hy weer beslissend en kom in botsing met die oorlewering waarin die Pous vanuit Rome optree.

RYKSDAG VAN WORMS

Vandag, presies 497 jaar gelede, op 18 April 1521, vel hy die beslissing voor die Ryksdag van Worms. Daar verskyn hy op las van die Rooms Katolieke Pous (pous Leo X) voor die pasverkose keiser (keiser Karel V) om sy standpunt, dat die Bybel die enigste gesaghebbende openbaring van God is, te verdedig. Luther eis weerlegging van sy standpunte op grond van die Skrif alleen. Keiser Karel V wil hom in hegtenis neem, maar keurvors Frederik die Wyse versteek hom op Wartburg as Junker Jörg.

Sy vertaling van die Bybel, die Lutherse Bybel, in die spreektaal in plaas van Latyn, het dit toegankliker gemaak en 'n enorme invloed op die laat Middeleeuse samelewing en die Duitse kultuur gehad. Dit het gelei tot die ontwikkeling van Duits, asook 'n Engelse weergawe van die Bybel, die King James Bible. Sy gesange het die ontwikkeling van sang in kerke beïnvloed en sy huwelik met Katharina von Bora het meegebring dat Protestantse kerklikes toegelaat is om te trou.

'n Hervorming van die Kerk en samelewing volgens die Skrif kon nie gestuit word nie. Johannes Calvyn het daarin opgegaan. Nederland het sy gereformeerde of skriftuurlike benadering nagevolg en in 'n stryd van 80 jaar onafhanklik geword. Sy nedersetting aan die Kaap het op sy eie 'n inkleding daarvan in die kerk en Afrikanervolk gegee. God se woord is vertaal in die Afrikaanse taal en is voorgehou as die enigste toetssteen vir kerk en staat.

ONTSTAAN VAN DIE ROOMSE KERK

Naas die sondeval is die ideologiese samesmelting van Rome en Babel die grootste ramp wat die mensdom ooit getref het! Dit het tot die ontstaan van die Roomse Kerk gelei. Die Christendom is mislei om heidengebruike in haar midde op te neem waarna dit so ingebed geraak het, dat mense die waarheid nie meer van die leuen kon onderskei nie. Christus het egter sy Kerk bewaar deur gelowiges soos Luther en Calvyn te gebruik om hierdie booshede aan die lig te bring en 'n volskaalse hervorming te loods.

Daar word verkeerdelik na die Roomse Kerk as die Rooms Katolieke Kerk verwys. Dit is begrippe wat mekaar weerspreek. Katoliek beteken algemeen of universeel. As Rooms bygevoeg word, is dit nie meer algemeen nie, maar eerder besonder. Almal wat Christus as Verlosser en Saligmaker ken, behoort aan die onsigbare Katolieke Kerk. Die Roomse Kerk wat in die Vatikaan gesetel is, se lidmaatskap word egter beperk tot mense wat die oppergesag van die pous erken.

Die Roomse Kerk is egter 'n gedempte vermenging van Babiloniese en Roomse afgodery. Soos Babel die hoofsetel van afgodery in die Ou Testamentiese tyd was, is Rome dit vandag. Sy is geen Christelike kerk nie, maar eerder 'n neo-Babiloniese sekte uit wie se geleedere die Antichris as laaste pous na vore gaan tree.

Johannes skryf in Openbaring 13:18 dat die Antichris die simboliese getal 666 het, 'n getal wat mense al eeue lank aan die raai het. In Babilon het elke letter 'n sekere getalswaarde gehad. S was 60, T=400, U=6 en R=200. Gevolglik is die volle getal van STUR 666. Wie is Nimrod se hoëpriester en verteenwoordiger op aarde? Die pous!

ROOMSE WRAAK TEEN PROTESTANTISME

Die Hervorming het die Roomse Kerk se aansien so geskaad, dat die **Jesuiete Orde** in Parys gestig is om die Hervorming hardhandig teen te werk. Hieruit het die berugte **Inkwisisie** ontstaan, 'n kerklike terreurorganisasie wat na berekening 68 miljoen mense gemartel en of vermoor het. Tydens die opspraakwekkende Bartlomeusnag op 24 Augustus 1572, is 40 000 Protestante in Parys alleen vermoor.

Die Roomse Kerk se wreedhede het nie ongesiens verby gegaan nie. Talle lande het bande met haar gebreek. Dit het haar genoodsaak om van strategie te verander. Die Roomse Kerk het "dood" gespeel, ondergronds beweeg en 'n sisteem op die been gebring waarmee sy haar bese ideale suksesvol voortgesit het – **Atheïsme**.

Uit die Atheïsme het 'n verdere ideologie gespruit wat God wou onttroon en die mens verheerlik – **Humanisme**. Dit het selfs God se Wet (Tien Gebooie) met 'n Handves van Menseregte vervang. Bo aan die oorspronklike Handves van Menseregte pryk die Sataniese driehoek-en-oog embleem.

Uit die Humanisme het **Liberalisme** gespruit; 'n meesterplan waarmee die Roomse Kerk 'n ketting gesmee het om Protetsantse Kerke mee te verwurg. Liberalisme het die Satan se driepunt plan vir die vernietiging van Evangeliese Kerke in werking laat tree. Eerstens moes Protestante teologies verwar word, daarna met mekaar bots en laastens mekaar vernietig. Liberaliste het baie kerke so ongesiens binnegedring, dat die meeste mense dit nie eens vermoed het nie.

Sedert die skeuring in die 11de eeu, haat die Roomse Kerk die Ortodokse Kerke met 'n passie. So is die laaste tsaar van Rusland wat die beskermheer van die Russiese Ortodokse Kerk was in 1917 deur Rome verwyder. Dit het uitgeloop op die Bolsjewistiese

Rewolusie waartydens 30 miljoen Christene vermoor is. Dit het verrassende ooreenkomste met die Franse Revolusie van 1789 gehad.

Die Roomse Kerk is magsdronk en beheer 'n magdom van wêreldorganisasies en finansiële instellings. Regerings, konings en presidente dans al eeue lank na haar pype. Sy laat selfs oorloë uitbreek as dit haar geval. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914, het die Christen era van “bold missionary expansion” tot stilstand gekom. Die oostelike deel van Duitsland was die hart van Europese Protetstantisme en is tydens die Tweede Wêreldoorlog feitlik geheel en al vernietig, 'n duidelike bewys van die Roomse Kerk se haat vir Protestantisme.

NUWE WÊRELDORDE

Die Roomse Kerk gaan godsdienste met godsdienste vernietig. Daarvoor maak hulle van ekumene, die strewe na kerkeenheid, gebruik. Die Vatikaan se skaamtelose toenadering tot afgodsdienste gee aan internasionale ekumene 'n geweldige hupstoot.

Ekumeniese betrokkenheid het die NG Kerk nie net haar profetiese visie gekos nie, maar ook laat ver-Rooms. Die Vatikaan het baie ander Protetstantse kerke dogmaties kastreer. Die Roomse aanslag was so subtiel, dat baie mense geglo het dat die stryd aan die suidpunt van Afrika maatskaplik, ekonomies en polities van aard was. Baie min mense het destyds besef dat die Vatikaan besig was om die Boere-Afrikanervolk se Hervormingserfenis te vernietig. Alhoewel ekumene voorgee om kerke saam te snoer, wakker dit eerder Protetstantse kerke aan om deel van die Nuwe Wêreldorde te word.

Daarbenewens is ekumene sonder grense niks anders as 'n herlewing van die ou Babeloniese heersersmodel nie – heers deur 'n kunsmatige eenheid. Die “reënboognasie” is so 'n kunsmatige eenheid. Verdraagsaamheid lei tot aanvaarding, aanvaarding tot gelykskaking en gelykskaking tot 'n vernietiging van die eie.

TER AFSLUITING

Hoe kan ons as Christene hierdie aanslag weerstaan?

Eerstens, ons moet ons vyand ken. Hosea 4:6 “ My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy dié kennis verwerp het, sal ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.”

Tweedens, ons moet hul taktiek insien. Rigters 2:10 “En toe ook daardie hele geslag by hulle vaders versamel is, staan daar 'n ander geslag ná hulle op wat die Here en ook die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie.”

Derdens , die Boere-Afrikanervolk en ander ware gelowiges moet in hul daaglikse handel en wandel Ligdraers vir Christus wees. God het sy Kerk eeue lank bewaar deur klein groepies Skrifgetroue gelowiges wat die Evangelie suiwer verkondig het. Ons durf nie die knie buig nie, net soos die 7000 Israeliete wat in die tyd van Elia nie die knie voor Baäl gebuig het nie. Daardeur is hulle nie met Roomse afgodery besoedel nie.

Christo Snyman

Voorsitter VVK